A TWINKL ORIGINAL

twinkl

# Die Beer Wat Ons Kom Oppas Het





First published 2020 by Twinkl Ltd.
197 Ecclesall Road, Sheffield S11 8HW

Copyright © Twinkl Ltd. 2020

All rights reserved. No part of this book may be reproduced in any form or by any means, electronic or mechanical, including photocopying, recording or by any information and retrieval system, without permission in writing from Twinkl Ltd.

This is a work of fiction. Names, characters, businesses, places, events and incidents are either the products of the author's imagination or used in a fictitious manner. Any resemblance to actual persons, living or dead, or actual events is purely coincidental.

Twinkl is a registered trademark of Twinkl Ltd.

A Twinkl Original

# Die Beer Wat Ons Kom Oppas Het




twinkl

Twinkl Educational Publishing

Arno en Bibi help Mamma en Mike om vir hul wittebrood te pak.

Mamma kyk na haar lys. “Klere, tandeborsels, kaartjies... Ons wag nou net vir die oppasser om op te daag,” sê sy.



“Ons het die perfekte een gevind,” sê Mike met ‘n glimlag. “Julle gaan groot pret hê! Julle sal skaars weet dat ons weg is.”



As die kinders maar net geweet het wie die oppasser is...

…'n yslike,

groot

**BEER!**



"Julle moet julle gedra," sê Mamma. "Ons is oor 'n paar dae terug!"

**"GRRR!"** grom die beer.



Die kinders staan sprakeloos en staar na hul nuwe oppasser.

Arno draai na sy sussie. “Is dit regtig besig om te gebeur?” vra hy.

“Wie het al ooit van ‘n beer gehoor wat kinders oppas?” sug Bibi.



“**GRRR!**” grom die beer.

Die beer tap daardie aand ‘n bad. “Moenie die badolie vergeet nie!” sê Bibi en gee vir die beer die bottel.






Die beer druk dit baie hard!

"Dis pret!" giggel die kinders.



"**GRRR!**" grom die beer.

Bibi en Arno sit die volgende oggend aan tafel.

"Ek wonder wat is vir ontbyt,"
sê Arno.



Die beer gee vir hulle baie taai heuning.

"Dis heerlik!" giggel die kinders.




"**GRRR!**" grom die beer.

Dit is tyd om na ontbyt skool toe te gaan. Arno en Bibi spring in die motor in en sit hul veiligheidsgordels aan, terwyl die beer homself in die motor in wriemel.



**Eeeeek!** skreeu die remme.

“Wheeeeee!” sê die kinders.

“**GRRR!**” grom die beer.




Daardie aand sit die beer die kinders in die bed. Hulle maak hulself gemaklik om na sy slaaptydstorie te luister.






"Lekker slaap," fluister Arno.

"Lekker slaap," fluister Bibi.

**"GRRR!"** grom die beer.

Die volgende dag is dit Saterdag en die kinders slaap laat. Intussen was die beer wasgoed...



...en hang dit op die wasgoedlyn.


“Goeiemôre!” roep die buurman.




“**GRRR!**” grom die beer.

Toe die kinders uiteindelik opstaan, was die beer besig om skottelgoed te was.

“Goeiemôre, Beer!” skree Bibi toe hulle by die trap afkom. “Hoe het jy gesla–”



“Siesa!” sê die kinders. Dit is nie hoe Mamma en Mike gewoonlik die skottelgoed was nie.

Die beer het inteendeel niks gedoen soos wat Mamma en Mike dit gewoonlik doen nie.

"Hulle sal jou nooit weer ons laat oppas as hulle al dié gemors sien nie!" sê Arno.



**"GRRR!"** grom die beer.

Hulle jaag om die klere van die wasgoedlyn af te haal en dit in die wasmasjien te plaas.




Hulle swoeg in die kombuis, totdat alles vlekloos is...


en die taai ontbytgemors opgeruim is.


Hulle jaag deur die boonste vertrekke, mop die badkamervloer...


en ruim die kamer op.

Arno maak vinnig die gordyne reg...



terwyl Bibi en die beer die motor verf...








en net betyds klaar het toe Mamma en Mike by die huis kom!

"Wel, julle lyk albei gelukkig!" sê Mike.

"En die huis lyk baie netjies!" sê Mamma. "Het julle almal pret gehad?"

"JA!" skree die kinders.




**"GRRR!"** grom die beer.

Nadat die beer weg is, vra Mamma die kinders:, "Wil julle hê dat Beer weer julle eendag kom oppas?"



"**GRRR!**" grom die kinders.



Continue the learning with exclusive teacher-created resources to engage and inspire children at school, at home and beyond...

Visit **twinkl.com/originals**





## Wat sal gebeur as 'n beer jou kom oppas?

Mamma en Mike is oppad na hul wittebrood en Arno en Bibi raak vasgevang in die malle chaos met 'n beer wat in beheer is.

twinkl

it twinkl.com

We help those who teach.

We provide educators around the world with entire schemes of work, lesson planning and assessments, plus online educational games, innovative augmented reality and lots, lots more.

twinkl Quality Standard Approved